Cambridge IGCSE

**Cambridge International Examinations**
Cambridge International General Certificate of Secondary Education

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/01**

Paper 1 Reading and Writing **October/November 2016**

MARK SCHEME

Maximum Mark: 70

**Published**

This mark scheme is published as an aid to teachers and candidates, to indicate the requirements of the examination. It shows the basis on which Examiners were instructed to award marks. It does not indicate the details of the discussions that took place at an Examiners' meeting before marking began, which would have considered the acceptability of alternative answers.

Mark schemes should be read in conjunction with the question paper and the Principal Examiner Report for Teachers.

Cambridge will not enter into discussions about these mark schemes.

Cambridge is publishing the mark schemes for the October/November 2016 series for most Cambridge IGCSE®, Cambridge International A and AS Level components and some Cambridge O Level components.

® IGCSE is the registered trademark of Cambridge International Examinations.



© UCLES 2016

CAMBRIDGE International Examinations

**Oefening 1**

**1** Dit is somer/vakansie/langer dae/meer besoekers. [1]

**2** **(a)** Die akwarium is koeler en/of die strand warm. [1]

**(b)** Die akwarium is rustiger en/of ’n dag se inkopies is besig. [1]

**3** Poppekasvertonings [1]

**4** Die restaurant (se kombuis) sluit om 19:00./Die restaurant sal toe wees. [1]

**5** Jy kan saam met hulle/haaie duik. [1]

**6** As jy nie weet watter (Kers)geskenke om te koop nie. [1]

**7** Jou telefoonnommer [1]

[Totaal: 8]

**Oefening 2**

Skool: Hoërskool Killarney [1]

Adres: Parkstraat 27 (spelling moet reg wees) [1]

Selfoonnommer: 083 066 9837 [1]

By die skool herwin ons:
Papier/karton [1]
Glas/blikkies [1]

Organisasies waaraan ek behoort: Die Botaniese Vereniging (van Suid-Afrika) [1]

Ek verbeter my kennis van omgewingsake deur:
lesings by te woon; [1]
Ander: e-publikasies te lees [1]

My ideaal vir SA se omgewing: *Daar moet* geen indringerplante in Suid-Afrika wees nie. [1]

[Totaal: 9]

© UCLES 2016

**Oefening 3**

Antwoorde moet verkieslik in notavorm wees, maar kandidate word nie vir volsinne gepenaliseer nie.

**(a)** Mense het in isolasie daar gewoon. [1]

Mense moes donkies vir vervoer gebruik. [1]

Aanvaar ook vir een punt in plaas van een van die twee bogenoemde:

Dit word Die Hel genoem.

**(b)** Fossiele/Fossieltoere [1]

Boesman-museum [1]

Fransie Pienaar-museum [1]

Aanvaar ook vir een punt elk in plaas van een of twee van die drie bogenoemde:

Spookstap

Bly in ’n gerestoureerde huisie

**(c)** Voëlkyk [1]

Sterrekyk [1]

Fossieltoere [1]

Aanvaar ook vir een punt elk in plaas van een en/of twee van die drie bogenoemde:

Stap

Fietsry

[Totaal: 8]

© UCLES 2016

**Oefening 4**

Hierdie oefening word hoofsaaklik vir taal, nie inhoud nie, nagesien. As die inhoud egter totaal irrelevant tot die taak is, word ŉ nulpunt toegeken.

Kandidate word nie geëvalueer vir enigiets wat hulle na die perk van 80 woorde skryf nie, maar word nie *per se* gepenaliseer as hulle dit oorskry nie.

| | |
|---|---|
| 0 | betekenis obskuur weens digtheid van taalprobleme en ernstige probleme met uitdrukking / niks relevant nie |
| 1 | uitdrukking swak / maak staat daarop om uit die teks te lig |
| 2 | uitdrukking beperk / maak staat om notas te kopieer, maar ŉ mate van ŉ gevoel vir volgorde |
| 3 | uitdrukking goed, met pogings om idees in eie woorde te groepeer en te orden |
| 4 | uitdrukking baie goed: duidelike, georde nde groepering en ordening; hoofsaaklik eie woorde |
| 5 | uitdrukking uitstekend: duidelik, geordende groepering en ordening, bykans heeltemal in eie woorde geskryf |

*Ongeveer vyf van die volgende feite kan in een paragraaf van hoogstens 80 woorde genoem word:*

Geleenthede vir interessante toere na Die Hel en Gamkaskloof
Verblyf in gerestoureerde huisies in Gamkaskloof
Boesman-museum by Bushman Valley-plaas
Kuns in die skemer: Toer deur standbeeldtuin en kunshuis
Spookstap en stories
Fotografiesessies saam met ervare fotograwe
Besoek aan die Fransie Pienaar-museum [Totaal: 5]

**Oefening 5**

ŉ Brief van 150 tot 200 woorde lank aan ŉ maat van ŉ ander plek wat by jou gaan kom kuier.

Die volgende moet genoem word:
- mense aan wie jy jou maat wil voorstel en redes daarvoor
- plekke waarheen jy jou maat wil neem en waarom jy daarheen wil gaan
- redes waarom jy na jou maat se besoek uitsien.

Ontvang tot 8 punte vir inhoud en tot 7 punte vir styl en akkuraatheid van taalgebruik.

Sien die aantekeninge en nasienskema na Oefening 7. [Totaal: 15]

© UCLES 2016

**Oefening 6**

**1** Hy was voorheen werkloos. [1]

**2** Die Kanadese posdiens het die briewe gratis [1] beantwoord; kinders moet SantaSkype.com [$15] betaal. [1] [2]

**3** Hy het in 1931 in rooi klere in ’n Coca-Cola-advertensie verskyn. *of*
’n Coca-Cola-Advertensie [1]

**4** Sommige dink dit is goed vir kinders se verbeelding om aan Kersvader te glo [1]; ander dink kinders sal nie hul ouers vertrou as hulle agterkom Kersvader bestaan nie regtig nie. [1] [2]

**5** Hy bedoel dit is waarom hy bruin/anders as die gewone wit Kersvader is, [1]
wat van die Noordpool kom. [1] [2]

**6** Koel klere [1] OF groen en goud kleure [1]. [1]

**7** Iets soos een van die volgende vir een punt:
Kersvader het baie verskillende name.
Kersvader kom van baie verskillende plekke.
Kersvader se voorkoms verskil op verskillende plekke. [1]

[Totaal: 10]

**Oefening 7**

Artikel: 200 tot 250 woorde lank

Kan gegewe idees gebruik, maar moet ook eie gemotiveerde idees byvoeg.

Gee tot 8 punte vir inhoud en tot 7 punte vir styl en akkuraatheid van taalgebruik.

Sien die aantekeninge en nasienskema (aan die einde van die nasienskema).

[Totaal: 15]

© UCLES 2016

**Die volgende algemene instruksies en tabel met nasienkriteria geld vir Oefening 5 en Oefening 7**

- Ken aan die antwoord ŉ punt (uit agt) vir **inhoud** (I) en ŉ punt (uit 7) vir **taal** (T) toe volgens die tabel met algemene kriteria wat volg. Skryf ***I*** en die punt + ***T*** en die punt = omkringde totaal (uit 15) neer.

- **Inhoud** dek ***relevansie*** (d.w.s. of die stuk aan die taak voldoen en die bewustheid van doel/teikengehoor/register) en die ***ontwikkeling van idees*** (d.w.s. die besonderhede/verduideliking wat verskaf word en hoe genotvol dit is om te lees).

- **Taal** dek ***styl*** (d.w.s. kompleksiteit van woordeskat en sinstruktuur) en ***akkuraatheid*** (van grammatika, spelling, punktuasie en gebruik van paragrawe).

- Wanneer daar op ŉ punt vir **inhoud of taal** besluit word, moet daar eers besluit word watter puntekategorie die toepaslikste is. Besluit dan tussen die twee punte in daardie kategorie.

- Wanneer daar op ŉ punt vir **inhoud** besluit word, moet daar na sowel ***relevansie*** as ***ontwikkeling van idees*** gekyk word. Besluit eers of die skryfstuk aan die taak voldoen, in terme van inhoud gedek en lengte. Indien wel, sal dit in een van die boonste drie kategorieë val. Wanneer daar op ŉ punt vir **taal** besluit word, moet daar na sowel die ***styl*** as die ***akkuraatheid*** van die taalgebruik gekyk word. ŉ Nuttige beginpunt is om eers te besluit of foute lastig is. Indien nie, sal dit in een van die boonste drie kategorieë val. Die **gebruik van paragrawe** behoort nie die primêre grondslag te wees om te besluit in watter puntekategorie die skryfstuk val nie. Kyk eers na die taalgebruik en wanneer daar op die gepaste kategorie besluit is, kan die paragrafering as ŉ faktor gebruik word om te bepaal of die skryfstuk die boonste of die onderste punt in die kategorie verdien.

- Indien die skryfstuk aansienlik **minder as die vereiste woordlengte** is, moet dit in die puntekategorie 2–3 vir inhoud of laer geplaas word omdat dit nie aan die taak voldoen nie.

- Indien die skryfstuk **heeltemal irrelevant** is en niks met die opdrag te doen het nie, moet dit 0 punte vir inhoud en taal toegeken word.

- Indien die skryfstuk **gedeeltelik relevant** en dus in die puntekategorie 2–3 is, is die volle omvang punte vir taal beskikbaar.

© UCLES 2016

**Algemene kriteria vir die nasien van Oefening 5 en 7**

| **Punte-kate-gorie** | **INHOUD: relevansie en ontwikkeling van idees**<br>(AO: W1, W2) | **Punte-kate-gorie** | **TAAL: styl en akkuraatheid**<br>(AO: W1, W3, W4, W5 – Oefening 5)<br>(AO: W1, W3, W4, W5, W6 – Oefening 7) |
|---|---|---|---|
| **8** | **Hoogs doeltreffend**<br><br>• ***Relevansie:*** Voldoen aan die taak, met deurgaans gepaste register en uitstekende aanvoeling vir doel en teikengehoor.<br>• ***Ontwikkeling van idees:*** Toon onafhanklike denke. Idees goed ontwikkel, die gepaste lengte en oorredend. Gehalte word deurgaans volgehou. Genotvol om te lees. Die leser se belangstelling word gewek en behou. | **7** | **Vlot**<br><br>• ***Styl:*** Byna eerste taal-bevoegdheid. Vloeiende styl. Selfversekerde en uitgebreide gebruik van taal, idioom en tye.<br>• ***Akkuraatheid:*** Geen foute nie of baie min. Goed gekonstrueerde paragrawe wat aaneenskakel. |
| **6–7** | **Doeltreffend**<br><br>• ***Relevansie:*** Voldoen aan die taak, met gepaste register en ŉ goeie aanvoeling vir doel en teikengehoor.<br>• ***Ontwikkeling van idees:*** Idees goed ontwikkel en ŉ gepaste lengte. Prikkel die leser se belangstelling. | **6** | **Presies**<br><br>• ***Styl:*** Sinne toon verskeidenheid van strukture en lengte. ŉ Mate van styl en uitdrukking. Gebruik idiome en gebruik woordeskat presies. Daar kan egter onbeholpe styl wees wat lees minder genotvol maak.<br>• ***Akkuraatheid:*** Hoofsaaklik akkuraat, maar sporadiese frustrerende foutjies. Daar is paragrawe wat ŉ mate van eenheid toon, alhoewel skakels afwesig of onvanpas kan wees. |
| **4–5** | **Bevredigend**<br><br>• ***Relevansie:*** Voldoen aan die taak, met ŉ redelike poging om die gepaste register te gebruik, en ŉ mate van ŉ aanvoeling vir doel en teikengehoor. ŉ Bevredigende poging is aangewend om die onderwerp te dek, maar daar kan afdwalings wees.<br>• ***Ontwikkeling van idees:*** Materiaal is bevredigend ontwikkel en ŉ gepaste lengte. | **4–5** | **Veilig**<br><br>• ***Styl:*** Hoofsaaklik eenvoudige strukture en woordeskat; wend soms ŉ poging aan om meer gesofistikeerde taal te gebruik.<br>• ***Akkuraatheid:*** Betekenis is duidelik en werk is van ŉ veilige, geletterde standaard. Eenvoudige strukture is meestal korrek, benewens seldsame spelfoute wat nie kommunikasie belemmer nie. Grammatikale foute kom voor wanneer groter sofistikasie probeer word. Paragrawe word gebruik, maar sonder samehang of eenheid. |
| **2–3** | **Gedeeltelik relevant**<br><br>• ***Relevansie:*** Gedeeltelik relevant en ŉ mate van ŉ poging is aangewend om oor die onderwerp te skryf. Voldoen nie heeltemal aan die taak nie, hoewel daar positiewe aspekte is. | **2–3** | **Foute maak inbreuk**<br><br>• ***Styl:*** Eenvoudige strukture en woordeskat.<br>• ***Akkuraatheid:*** Betekenis is soms onduidelik. Gereelde foute belemmer presisie en lees. Dit belemmer kommunikasie egter nie ernstig nie. Paragrawe afwesig of lukraak. |

© UCLES 2016

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Onvanpaste register, met te min bewustheid van doel en/of teikengehoor.<br>• ***Ontwikkeling van idees:*** Verskaf wel besonderhede en verduideliking, maar die effek is onvolledig. Herhaling kom voor. | | |
| **0–1** | **Min relevansie**<br><br>• Wel beperkte hantering van onderwerp, maar dit word deur digtheid van foute verskuil. **Ken 1 punt toe**.<br>• Onderwerp word geensins gedek nie, of, indien wel tot ’n mate, digtheid van foute maak dit onmoontlik om raak te sien. **Ken 0 punte toe**. Indien die skryfstuk heeltemal irrelevant is, kan geen punt vir taalgebruik toegeken word nie. | **0–1** | **Moeilik om te verstaan**<br><br>• Deurgaans veelvoudige soorte foute in grammatika/spelling/woordgebruik/punktuasie, wat dit grootliks moeilik verstaanbaar maak. Soms kan ’n mate van sinvolheid bespeur word. Paragrawe afwesig of lukraak. **Ken 1 punt toe**.<br>• Digtheid van foute verskuil betekenis. Hele gedeeltes onmoontlik om as Afrikaanse skryfwerk te herken. Paragrawe afwesig of lukraak. **Ken 0 punte toe**. |

© UCLES 2016